Behandeling met LEVUSPOZ moet deur 'n dokter wat ervaring het in die beheer van fungusinfeksies geïnisieer word.

Monsters van funguskulture en ander relevante laboratoriumstudies (insluitend histopatologie) moet verkry voor terapie word om oorsaaklike organisme(s) te isoleer en te identifiseer. Terapie kan toegepas word voordat die resultate van die kwekeings en ander laboratoriumstudies bekend is. Wanneer hierdie resultate beskikbaar is, moet antifungusterapie egter daarvolgens aangepas word.

Posologie

Die dosisregimen van LEVUSPOZ hang af van die liggaamsgewig van die pasiënt soos in die volgende tabelle aangedui word:

Tabel 1: Gebruik in volwassenes, adolessente ≥ 16-jarige ouderdom en bejaardes

Indikasie		
	Liggaamsgewig > 40 kg	Liggaamsgewig ≤ 40 kg
Behandeling van indringende kandidiase	100 mg/dag*	2 mg/kg/dag
Behandeling van esofageale kandidiase	150 mg/dag	3 mg/kg/dag
Profilsakse van *Candida*-infeksie	50 mg/dag	1 mg/kg/dag

*As die pasiënt se respons onvoldoende is, bv. volharding van kwekeings of as kliniese toestand nie verbeter nie, kan die dosis tot 200 mg/dag verhoog word in pasiënte wat

> 40 kg weeg of 4 mg/kg/dag in pasiënte ≤ 40 kg.

Spesiale populasies

Gebruik in pasiënte met lewerinkorting:

Geen dosisaanpassing is nodig in pasiënte met ligte tot matige lewerinkorting nie. Daar is huidiglik onvoldoende data beskikbaar vir die gebruik van mikafungin in pasiënte met ernstige lewerinkorting en die gebruik word nie by hierdie pasiënte aanbeveel nie (sien afdeling 4.4 en 4.8).

Gebruik in pasiënte met nierinkorting:

Geen dosisaanpassing is nodig in pasiënte met nierinkorting nie.

Pediatriese populasie

Tabel 2: Gebruik in kinders van ouderdom ≥ 4 maande tot by adolessente < 16-jarige ouderdom

Indikasie		
	Liggaamsgewig > 40 kg	Liggaamsgewig ≤ 40 kg
Behandeling van indringende kandidiase	100 mg/dag*	2 mg/kg/dag
Profilakse van *Candida*-infeksie	50 mg/dag	1 mg/kg/dag

*As die pasiënt se respons onvoldoende is, bv. volharding van kwekings of as kliniese toestand nie verbeter nie, kan die dosis tot 200 mg/dag in pasiënte wat > 40 kg weeg of 4 mg/kg/dag in pasiënte ≤ 40 kg.

Tabel 3: Gebruik in kinders (insluitend pasgeborenes) < 4 maande

Indikasie	
Behandeling van indringende kandidiase	4 -10 mg/kg/dag*

Profilakse van *Candida*-infeksie	2 mg/kg/dag

*Mikafungin soos bevat in LEVUSPOZ, gedoseer teen 4 mg/kg in kinders jonger as 4 maande word by benadering dieselfde mediese blootstellings bereik as in volwassenes wat 100 mg/dag vir die behandeling van indringende kandidiase ontvang het. As sentrale senuweestelsel (SSS)-infeksie vermoed word, moet ‘n hoër dosering (bv. 10 mg/kg) gebruik word as gevolg van die dosis-afhanklike penetrasie van mikafungin binne-in die SSS. Die veiligheid en doeltreffendheid in kinders (insluitend pasgeborenes) jonger as die ouderdom van 4 maande vir dosisse van 4 en 10 mg/kg vir die behandeling van indringende kandidiase met SSS betrokkenheid, is nie voldoende aangemeld in gekontrolleerde kliniese studies nie.

Duur van behandeling

Indringende kandidiase: Die duur van behandeling van *Candida*-infeksie moet ‘n minimum van 14 dae wees. Die antifungusbehandeling moet vir ten minste een week n voortduur nadat opeenvolgende negatiewe bloedkwekings verkry is en ***na*** opklaring van kliniese tekens en simptome van infeksie.

Esofageale kandidiase: Vir die behandeling van esofageale kandidiase, moet LEVUSPOZ vir ten minste een week na opklaring van kliniese tekens en simptome toegedien word.

Profilakse van *Candida*-infeksies: Vir profilakse van *Candida*-infeksie, moet LEVUSPOZ vir ten minste een week na neutrofiel-herstel toegedien word. Ondervinding met mikafungin in pasiënte jonger as 2-jarige ouderdom is beperk.

4.3 Kontra-indiksies

- Hipersensitiwiteit teen die aktiewe bestanddeel, mikafungin, teen ander ekinokandiene of teen enige van die onaktiewe bestanddele van LEVUSPOZ (sien afdeling 6.1).
- Swangerskap en laktasie (sien afdeling 4.6).

4.4 Spesiale waarskuwings en voorsorgmaatreëls vir gebruik

Hepatiese effekte:

Die ontwikkeling van foci of veranderde hepatosiete (FAH) en hepatosellulêre tumore na ’n behandelingstydperk van 3 maande of langer is aangemeld in rotte. Die veronderstelde drempel vir tumorontwikkelling in rotte is ongeveer in die reikwydte van kliniese blootstelling. Die toepaslikheid van hierdie bevinding vir die terapeutiese gebruik in pasiënte kan nie uitgesluit word nie. Lewerfunksie moet noukeurig gemonitor word tydens LEVUSPOZ-behandeling. Om die risiko van aangepaste regenerasie en moontlike opeenvolgende lewertumor-vorming te minimaliseer, word vroeë staking in die teenwoordigheid van merkbare en volgehoue verhoging van ALT/AST aanbeveel. LEVUSPOZ-behandeling moet op ‘n versigtige risiko/voordeel-basis uitgevoer word, veral in pasiënte wat ernstige lewerfunksie-ontoereikendheid of chroniese lewersiektes het wat bekend is daarvoor om pre-neoplastiese toestande te verteenwoordig, soos gevorderde lewerfibrose, sirrose, virale hepatitis, neonatale lewersiekte of kongenitale ensiemdefekte, of wat ‘n gelyktydige terapie ontvang insluitend hepatoksiese en/of genotoksiese eienskappe.

Mikafungin (soos bevat in LEVUSPOZ)-behandeling is aangemeld om geassosieer te word met merkbare inkorting van lewerfunksie (verhoging van ALT, AST of totale bilirubien >3 keer ULN) in beide gesonde proefpersone en in pasiënte. In sommige pasiënte is meer ernstige hepatiese wanfunksie, hepatitis, of lewerversaking insluitend noodlottige gevalle, aangemeld. Pediatriese pasiënte <1-jarige ouderdom mag meer geneig wees tot lewerbeskadiging.

Anafilaktiese reaksies:

Tydens toediening van LEVUSPOZ, kan anafilaktiese/anafilaktoïede reaksies, insluitend skok, voorkom. As hierdie reaksies voorkom, moet LEVUSPOZ-infusie gestaak word en toepaslike behandeling toegedien word.

Simptome soos uitslag en koudheid is aangemeld in kliniese studies. Die meerderheid is van ligte tot matige intensiteit en nie beperkend vir behandeling nie. Ernstige reaksies (bv. 0,2 % anafilaktoïede reaksie) word algemeen aangemeld tydens terapie met mikafungin soos bevat in LEVUSPOZ en slegs in pasiënte met ernstige onderliggende toestande (bv. gevorderde VIGS, kwaadaardighede) wat veelvuldige gelyktydige medikasie vereis.

Velreaksies:

Afskilferende kutaneuse reaksies, soos Stevens-Johnson se sindroom en toksiese epidermale nekrolise is aangemeld. As pasiënte ‘n uitslag ontwikkel, moet hul noukeurig gemonitor word en LEVUSPOZ moet gestaak word as letsels voortduur.

Hemolise:

Gevalle van hemolise insluitend akute intravaskulêre hemolise of hemolitiese anemie is

aangemeld in pasiënte wat met mikafungin, soos bevat in LEVUSPOZ, behandel is. Pasiënte wat kliniese of laboratoriumbewyse van hemolise ontwikkel tydens LEVUSPOZ-terapie moet noukeurig gemonitor word vir bewyse van verergering van hierdie toestande en geëvalueer word vir die risiko/voordeel met voortduur van LEVUSPOZ-terapie.

Renale effekte:

LEVUSPOZ kan nierprobleme, nierversaking, en abnormale nierfunksietoetse veroorsaak. Pasiënte moet noukeurig gemonitor word vir verergering van nierfunksie.

Interaksies met ander medisyne:

‘n Totaal van 14 kliniese interaksie-studies uitgevoer in gesonde vrywilligers om die moontlike interaksie tussen mikafungin en mikofenilaatmofetiel, siklosporien, takrolimus, prednisoloon, sirolimus, nifedipien, flukonasool, ritonavir, rifampisien, amfoterisien-B, itrakonasool en vorikonasool te evalueer, is aangemeld. In hierdie aangemelde studies, is geen interaksie wat die farmakokinetika van mikafungin, soos bevat LEVUSPOZ, verander, aangemeld nie. Blootstelling (AOK) van sirolimus is aangemeld om te verhoog in die teenwoordigheid van mikafungin (21 %). Pasiënte wat sirolimus ontvang in kombinasie met LEVUSPOZ, moet vir sirolimustoksisiteit gemonitor word en die sirolimusdosis moet aangepas word indien nodig.

Menslike voortplanting:

LEVUSPOZ moet nie tydens swangerskap of laktasie gebruik word nie. Moeders wat LEVUSPOZ ontvang, moet nie hulle suigelinge borsvoed nie (sien afdeling 4.3 en 4.6).

Onaktiewe bestanddele

Laktosemonohidraat

LEVUSPOZ 50 en 100 bevat 223,15 mg laktosemonohidraat per flessie. Pasiënte met die seldsame oorerflike probleme van galaktose onverdraagsaamheid, totale laktase tekort of glukose-galaktose wanabsorpsie moet nie LEVUSPOZ ontvang nie. Dit moet in gedagte gehou word in pasiënte met diabetes mellitus.

Pediatriese populasie:

Die voorkoms van sommige ongewenste reaksies is aangemeld om hoër te wees in pediatriese pasiënte as in volwasse pasiënte (sien afdeling 4.8).

4.5 Interaksie met ander medisyne en ander vorme van interaksie

Mikafungin besit ‘n lae potensiaal vir interaksies met medisyne wat *via* CYP3A-bemiddelde bane gemetaboliseer word.

Aangemelde interaksie-studies in gesonde menslike proefpersone is uitgevoer om die moontlikheid van interaksie tussen mikafungin en mikofenilaatmofetiel, siklosporien, takrolimus, prednisoloon, sirolimus, nifedipien, flukonasool, ritonavir, rifampisien, itrakonasool, vorikonasool en amfoterisien-B te evalueer. In hierdie aangemelde studies is geen bewys van veranderde farmakokinetika van mikafungin waargeneem nie. Geen LEVUSPOZ-dosisaanpassings is nodig wanneer hierdie medisyne gelyktydig toegedien word nie.

Blootstelling (AOK) van itrakonasool, sirolimus en nifedipien is aangemeld om effens verhoog te wees in die teenwoordigheid van mikafungin (22 %, 21 % en 18 %,

respektiewelik).

Gelyktydige toediening van mikafungin en amfoterisien-B-desoksiecholaat is geassosieer met ‘n 30 % toename in amfoterisien-B-desoksicholaat-blootstelling. Aangesien dit van kliniese belang kan wees, moet hierdie gelyktydige toediening slegs gebruik word met noukeurige monitering van amfoterisien-B-desoksiecholaat-toksisiteite. Pasiënte wat sirolimus, nifedipien of itrakonasool in kombinasie met LEVUSPOZ ontvang, moet gemonitor word vir sirolimus, nifedipien of itrakonasool-toksisiteit en die sirolimus, nifedipien of itrakonasool-dosering moet verlaag word indien nodig (sien afdeling 4.4).

4.6 Fertiliteit, swangerskap en laktasie

Swangerskap

LEVUSPOZ is teenaangedui in swangerskap (sien afdeling 4.3).

In aangemelde dierestudies, kruis mikafungin die plasentale skans en voortplantingstoksisiteit is aangemeld.

Borsvoeding

LEVUSPOZ is teenaangedui in laktasie (sien afdeling 4.3).

Moeders wat LEVUSPOZ ontvang, moet nie hulle suigelinge borsvoed nie.

Fertiliteit

Testikulêre toksisiteit is aangemeld in dierestudies. LEVUSPOZ kan die potensiaal hê om manlike fertiliteit in mense te affekteer.

4.7 Effekte op die vermoë om te bestuur en masjinerie te gebruik

Ongunstige reaksies, soos duiseligheid, kan voorkom, wat 'n invloed kan hê op die vermoë om te bestuur of masjinerie te gebruik (sien afdeling 4.8).

4.8 Ongewenste effekte

a) Opsomming van die veiligheidsprofiel

Ongunstige geneesmiddelreaksies is aangemeld om by oor die algeheel 32,2 % van die pasiënte ervaar te word. Die mees algemene aangemelde ongunstige reaksies was naarheid, bloed-alkaliese fosfatase verhoging (2,7 %), flebitis (primêr in MIV-geïnfekteerde pasiënte met periferale lyne), braking en aspartaat-aminotransferase verhoging. Geen klinies-betekenisvolle verskille is aangemeld wanneer die veiligheidsdata deur geslag of ras ge-analiseer is nie.

b) Getabuleerde opsomming van ongunstige reaksies

In die volgende tabel word ongunstige reaksies volgens orgaanklas en MedDRA voorkeurterm gelys. Binne elke voorkomsgroep, word ongunstige reaksies aangedui in volgorde van dalende ernstigheid.

Sisteem Orgaanklas	**Dikwels**	**Minder dikwels**	**Voorkoms onbekend**
Bloed- en limfatiese stelsel-versteurings	leukopenie, neutropenie, anemie	pansitopenie, trombositopenie, eosinofilie, hipoalbuminemie, hemolitiese anemie, hemolise	verspreide intravaskulêre koagulasie

Immuun-stelsel-versteurings		anafilaktiese/ anafilaktoïede reaksie, hipersensitiwiteit	
Endokriene versteurings		hiperhidrose	
Metabolisme en voedings-versteurings	hipokalemie, hipomagnesemie hipokalsemie	hiponatremie, hiperkalemie, hipofosfatemie, anoreksie	
Psigiatriese versteurings		slapeloosheid, angstigheid, verwarring	
Senuwee-stelsel-versteurings	hoofpyn	lomerigheid, bewerigheid, duiseligheid, disgeusie	
Kardiale versteurings		tagikardie, palpitasies, bradikardie	
Vaskulêre versteurings	flebitis	hipotensie, hipertensie, blosing	skok
Respiratoriese, torakale en		dispnee	

mediastinale versteurings			
Gastroïntes-tinale versteurings	naarheid, braking, diaree, abdominale pyn	dispepsie, hardlywigheid	
Hepatobiliêre versteurings	verhoogde bloed alkaliese fosfatase, verhoogde aspartaatamino-transferase, verhoogde alanienamino-transferase, verhoogde bloed-bilirubien (insluitend hiperbilirubinemie), abnormale lewerfunksietoets	lewerversaking, verhoogde gammaglutamiel-transferase, geelsug, cholestase, hepatomegalie, hepatitis	hepatosellulêre skade insluitend noodlottige gevalle
Vel- en subkutane weefsel-versteurings	uitslag	urtikarie, pruritus, eriteem	toksiese veluitbarsting, veelvuldige eriteem,

			Stevens-Johnson se sindroom, toksiese epidermale nekrolise
Renale en urinêre versteurings		verhoogde bloed-kreatinien, verhoogde bloedureum, verergerde nierversaking	nierontoereikend-heid, akute nierversaking
Algemene versteurings en toedienplek-toestande	pireksie, rigors	inspuitplektrombose, infuusplek-inflammasie, inspuitplekpyn, periferale edeem	
Ondersoeke		verhoogde bloedlaktaatdehidro-genase	

c) Beskrywing van geselekteerde ongunstige reaksies

Hepatiese ongunstige reaksies

Die algehele voorkoms van hepatiese ongunstige reaksies in aangemelde kliniese studies in die pasiënte wat met mikafungin behandel is, was 8,6 %. Die meerderheid van

hepatiese ongunstige reaksies is aangemeld as lig tot matig. Mees dikwelse reaksies is aangemeld om te verhoog in AP (2,7 %), AST (2,3 %), ALT (2,0 %), bloedbilirubien (1,6 %) en lewerfunksietoets abnormaal (1,5 %). ‘n Paar pasiënte (1,1 %; 0,4 % ernstig) het behandeling gestaak as gevolg van ‘n hepatiese voorval. Gevalle van ernstige hepatiese wanfunksie is minder dikwels aangemeld.

Moontlike allergie-agtige simptome

Simptome soos uitslag en koudheid is aangemeld in kliniese studies. Die meerderheid was van ligte tot matige intensiteit en nie behandelingsbeperkend nie. Ernstige reaksies (bv. 0,2 % anafilaktoïede reaksies) was minder dikwels aangemeld tydens terapie met mikafungin en slegs in pasiënte met ernstige onderliggende toestande (bv. gevorderde VIGS, kwaadaardighede) wat veelvuldige gelyktydige medikasie benodig.

Inspuitplekreaksies

Geen van die aangemelde ongunstige reaksies by die inspuitplek was behandelingsbeperkend nie.

Pediatriese pasiënte

Die voorkoms van sommige ongunstige reaksies (soos hieronder gelys) is aangemeld om hoër te wees as in volwasse pasiënte. Bykomend, pediatriese pasiënte <1-jarige ouderdom ervaar ongeveer twee keer meer dikwels ‘n toename in ALT, AST en AP as ouer pediatriese pasiënte. Die mees waarskynlike rede vir hierdie verskille is verskillende onderliggende toestande vergeleke met volwassenes of ouer pediatriese pasiënte aangemeld in kliniese studies. Teen die tyd van toetrede tot die studie, was die die aantal van pediatriese pasiënte met neutropenie veelvoudig hoër as in volwasse

pasiënte (40,2 % en 7,3 % van kinders en volwassenes, respektiewelik), asook allogeneïese HSCT (29,4 % en 13,4 %, respektiewelik) en hematologiese kwaadaardigheid (29,1 % en 8,7 %, respektiewelik).

Bloed- en limfatiese stelselversteurings

Dikwels: trombositopenie

Kardiale versteurings

Dikwels: tagikardie

Vaskulêre versteurings

Dikwels: hipertensie, hipotensie

Hepatobiliêre versteurings

Dikwels: hiperbilirubinemie, hepatomegalie

Renale en urinêre versteurings

Dikwels: akute nierversaking, verhoogde bloedureum

4.9 Oordosis

Daar is geen ondervinding aangemeld met oordosisse van mikafungin nie. In geval van oordosering, moet algemene ondersteunende maatreëls en simptomatiese behandeling toegepas word. Mikafungin is hoogs-proteïengebonde en nie dialiseerbaar nie.

5. FARMAKOLOGIESE EIENSKAPPE

5.1 Farmakodinamiese eienskappe

A.20.2.2 Antimikrobiese middel (chemoterapeutiese middels): Fungisiede

Farmakoterapeutiese groep: Antimikotika vir sistemiese gebruik, ander antimikotika vir sistemiese gebruik, ATC kode: J02AX05

Mikafungin inhibeer die sintese van 1,3-β-D-glukaan nie-kompetitief, 'n essensiële bestanddeel van die fungusselwand. 1,3-β-D-glukaan is nie in soogdierselle teenwoordig nie.

Mikafungin oefen fungisidiese aktiwiteit uit teen meeste *Candida* spesies en inhibeer voortreflik aktief-groeiende hife van *Aspergillus* spesies.

PK/PD-verwantskap

'n Bykomende of sinergistiese farmakodinamiese interaksie van mikafungin en amfoterisien-B in aangemeld in 'n muis-model van pulmonêre aspergillose (immuunonderdrukking met hidrokortisoon, intranasale infeksie met *Aspergillus fumigatus*).

Meganisme(s) van weerstand

Gevalle van verminderde vatbaarheid en weerstandigheid is aangemeld en kruisweerstandigheid met ander ekinokandiene kan nie uitgesluit word nie. Verminderde vatbaarheid vir ekinokandien is met mutasies in die Fks1 geenkodering vir 'n hoof subeenheid van glukaansintase geassosieer.

Inherente weerstandbiedende organismes

Cryptococcus spp., *Pseudallescheria* spp., *Scedosporium* spp., *Fusarium* spp., *Trichosporon* spp., *Zygomycetes* spp.

5.2 Farmakokinetiese eienskappe

Absorpsie

Farmakokinetika is aangemeld om lineêr te wees oor die daaglikse dosisreeks van 12,5 mg tot 200 mg en 3 mg/kg tot 8 mg/kg. Daar is geen aangemelde bewys van sistemiese akkumulasie met herhaaldelike toediening nie en gelykstaat word gewoonlik binne 4 tot 5 dae bereik.

Verspreiding

Na intraveneuse toediening, toon konsentrasies van mikafungin ‘n twee-voudige afname. Mikafungin word vinnig binne-in weefsels versprei. In sistemiese sirkulasie is mikafungin hoogsgebonde aan plasmaproteïen (> 99 %), hoofsaaklik aan albumien. Binding aan albumien is onafhanklik van mikafungin-konsentrasie (10-100 µg/mL). Die volume van verspreiding by gelykstaat (Vss) is aangemeld as ongeveer 18-19 liter.

Metabolisme

Onveranderde mikafungin is die hoofsirkulerende verbinding in sistemiese sirkulasie. Daar word aangemeld dat mikafungin na verskeie verbindings gemetaboliseer word; van hierdie M-1 (katesjol-vorm), M-2 (metoksi-vorm van M-1) en M-5 (hidroksilering by die syketting) van mikafungin is opgespoor in sistemiese sirkulasie. Blootstelling aan hierdie metaboliete is laag en metaboliete dra nie by tot die oorhoofse doeltreffendheid van mikafungin nie. Selfs al is mikafungin ‘n substraat vir CYP3A *in vitro*, is hidroksilering deur CYP3A nie ‘n hoofbaan vir mikafungin metabolisme *in vivo* nie.

Eliminasie en uitskeiding

Die gemiddelde terminale halfleeftyd word aangemeld as ongeveer 10-17 uur en bly konsekwent oor dosisse tot by 8 mg/kg en na enkel en herhaalde toediening. Totale opruiming is aangemeld as 0,15-0,3 mL/min/kg in gesonde proefpersone en volwasse pasiënte en is onafhanklik van dosis na enkel en herhaaldelike toedoening. Na ‘n enkel intraveneuse dosis van ^{14}C-mikafungin (25 mg) aan gesonde proefpersone, is 11,6 % van die radioaktiwiteit oor 28 dae herwin in die urine en 71,0 % in die feses. Hierdie aangemelde data dui aan dat die eliminasie van mikafungin hoofsaaklik nie-renaal is. In plasma, is metaboliete M-1 en M-2 opgespoor slegs teen spoorkonsentrasies en metaboliet M-5, die meer volop metaboliet, verantwoordelik vir ‘n totaal van 6,5 % relatief tot die moederverbinding.

Spesiale populasies

Bejaardes: Wanneer as ‘n enkel 1-uur infusie van 50 mg toegedien word, is die farmakokinetika van mikafungin in die bejaardes (ouderdom 66-78-jarige) aangemeld as soortgelyk aan dié in jong (20-24-jarige) proefpersone. Geen dosisaanpassing is vir die bejaardes nodig nie.

Pasiënte met hepatiese inkorting: In ‘n aangemelde studie in pasiënte met matige hepatiese inkorting (Child-Pugh telling 7-9), het die farmakokinetika van mikafungin nie merkwaardig verskil van dié in gesonde proefpersone nie. Geen dosisaanpassing is daarom nodig vir pasiënte met ligte tot matige hepatiese inkorting nie. In ‘n studie wat uitgevoer is in pasiënte met ernstige hepatiese inkorting (Child-Pugh telling 10-12), is laer plasmakonsentrasies van mikafungin en hoër plasmakonsentrasies van die

hidroksiedmetaboliet (M-5) waargeneem vergeleke met gesonde proefpersone. Hierdie aangemelde data is voldoende om ‘n dosisaanbeveling in pasiënte met ernstige hepatiese inkorting te ondersteun.

Pasiënte met renale inkorting: Ernstige renale inkorting (Glomerulêre filtrasiespoed [GFR] < 30 mL/min) het nie die farmakokinetika van mikafungin merkwaardig geaffekteer nie. Geen dosisaanpassing is nodig vir pasiënte met renale inkorting nie.

Pediatriese pasiënte:

By pediatriese pasiënte is mikafungin-blootstelling aangemeld om dosis-proporsioneel te wees in die dosisreeks van 0,5-4 mg/kg, en tot by 10 mg/kg in suigelinge van jonger as ‘n ouderdom van 4 maande. Opruiming word beïnvloed deur gewig met gemiddelde waardes van gewigsaangepaste opruiming 1,35 keer hoër in die jonger kinders (4 maande tot 5 jaar) en 1,14 keer hoër in kinders van ouderdom 6 tot 11 jaar. Ouer kinders (12-16 jaar) het gemiddelde opruimingswaardes, soortgelyk aan dié vasgestel in volwasse pasiënte, aangemeld. Gemiddelde gewigsaangepaste opruiming in suigelinge jonger as ‘n ouderdom van 4 maande is aangemeld as ongeveer 2,6-voudig groter as in ouer kinders (12-16-jariges) en 2,3-voudig groter as in volwassenes. Gewigsaangepaste opruimingsverskille ondersteun gewigsgebaseerde dosering tot by liggaamsgewig binne die reeks van 40 (behandeling) tot 50 kg (profilakse), waarbo volwasse dosering aanbeveel word.

Mikfungin gedoseer teen 4 mg/kg in suigelinge onder die ouderdom van 4 maande het benaderde blootstelling aan medisyne in volwassenes wat 100 mg/dag ontvang vir die behandeling van indringende kandidiase. Hoër dosisse (bv. 10 mg/kg) mag nodig wees

om SSS-infeksie in suigelinge onder die ouderdom van 4 maande te behandel soos aangetoon deur ‘n PK-PD oorbruggings-studie wat dosis-afhanklike penetrasie van mikafungin binne-in die SSS aangetoon het om maksimum vernietiging van die funguslading in die SSS-weefsel te bereik. Populasie PK-modelering het aangetoon dat ‘n dosis van 10 mg/kg in suigelinge wat jonger as ‘n ouderdom van 4 maande is, voldoende sal wees om die doelwit-blootstelling vir die behandeling van SSS-*Candida*-infeksies te bereik.

6. FARMASEUTIESE BESONDERHEDE

6.1 Lys van onaktiewe bestanddele

- Laktosemonohidraat (lae endotoksien),
- Sitroensuur
- Natriumhidroksied (as oplossing 0,1 %)
- Water vir Inspuiting
- Stikstof

6.2 Onverenigbaarhede

Hierdie medisinale produk moet nie gemeng of gelyktydig met ander medisinale produkte in ‘n infuus gebruik word nie, behalwe dié wat in afdeling 6.6 genoem word.

6.3 Rakleeftyd

24 Maande

6.4 Spesiale voorsorgmaatreëls vir bewaring

Bewaar by of onder 30 ºC. Beskerm teen lig.

HOU BUITE DIE BEREIK VAN KINDERS.

Hersaamgestelde konsentraat in flessie:

Chemiese en fisiese in-gebruikstabiliteit is vasgestel vir tot 48 uur by 25 °C wanneer hersaamgestel met natriumchloriedoplossing 9 mg/mL (0,9 %) vir infusie of glukose-oplossing 50 mg/mL (5 %) vir infusie.

Verdunde infusie-oplossing:

Chemiese en fisiese in-gebruikstabiliteit is vasgestel vir 96 uur teen 25 °C wanneer beskerm teen lig wanneer verdun met natriumchloriedoplossing 9 mg/mL (0,9 %) vir infusie of glukose-oplossing 50 mg/mL (5 %) vir infusie.

LEVUSPOZ bevat geen preserveermiddels nie. Vanuit ‘n mikrobiologiese oogpunt moet die hersaamgestelde en verdunde oplossings onmiddellik gebruik word. As nie onmiddelllik gebruik word nie, is die in-gebruiks-bewaringstye en voorwaardes voor gebruik die verantwoordelikheid van die gebruiker en sal gewoonlik nie langer as 24 uur teen 2 tot 8 °C wees nie, tensy die hersamestelling en verdunning onder gekontrolleerde en gevalideerde aseptiese toestande plaasgevind het.

6.5 Aard en inhoud van die houer

5 helder, amberglasflessies met ‘n rubberprop en aluminiumseël met ‘n rooi of blou plastiekdoppie, bevattende ‘n soliede wit tot naaswit poeier verpak in ‘n kartondosie saam met die inligtingstuk.

6.6 Spesiale voorsorgmaatreëls vir vernietiging

Instruksies vir hersamestelling en verdunning:

Na hersamestelling en verdunning moet die oplossing deur intraveneuse infusie oor ongeveer 1 uur toegedien word. Vinniger infusies kan lei tot meer dikwelse histamienbemiddelde reaksies.

LEVUSPOZ moet nie gemeng of saam met ander medisinale produkte as infuus toegedien word nie, behalwe dié wat hieronder genoem word. By hersamestelling van LEVUSPOZ, gebruik aseptiese tegnieke by kamertemperatuur en verdun as volg:

1. Die plastiekdoppie moet verwyder word vanaf die flessie en die prop met alkohol gedisinfekteer word.
2. 5 mL natriumchloried 9 mg/mL (0,9 %) oplossing vir infusie of glukose 50 mg/mL (5 %) oplossing vir infusie (geneem van ‘n 100 mL bottel/sakkie) moet asepties en stadig in elke flessie teen die binneste wand ingespuit word. Alhoewel die konsentraat sal skuim, moet elke poging aangewend word om die hoeveelheid skuim wat gevorm word, te minimaliseer. ‘n Voldoende aantal flessies van LEVUSPOZ moet hersaamgestel word om die verlangde dosis in mg te verkry (sien tabel hieronder).
3. Die flessie moet saggies geroteer word. MOENIE SKUD NIE. Die poeier sal volledig oplos. Die konsentraat moet onmiddellik gebruik word. Die flessie is slegs vir enkelgebruik. Vernietig asseblief daarom ongebruikte hersaamgestelde konsentraat onmiddellik.
4. Al die hersaamgestelde konsentraat moet van elke flessie opgetrek word en teruggespuit word binne-in die infuusbottel/sakkie waarvandaan dit oorspronklik geneem is. Die verdunde infusie-oplossing moet onmiddellik gebruik word. Chemiese en fisiese ingebruikstabiliteit is vasgestel vir 96 uur teen 25 °C wanneer beskerm teen lig en verdun soos hierbo beskryf.

5. Die infuusbottel/sakkie moet versigtig omgedraai word om die verdunde oplossing te versprei maar NIE geskud word nie om skuimvorming te verhoed. Moenie die oplossing gebruik as dit troebel is of gepresipiteer het nie.

6. Die infuusbottel/sakkie wat die verdunde infusie-oplossing bevat, moet binne-in 'n ondeursigtige sakkie vir beskerming teen lig en wat toegemaak kan word, geplaas word.

Tabel 3: Voorbereiding van die oplossing vir infusie:

Dosis (mg)	LEVUSPOZ flessie om te gebruik (mg/flessie)	Volume van natriumchloried (0,9 %) of glukose (5 %) om by die flessie te voeg	Volume (konsentrasie) van hersaamgestelde poeier	Standaardinfusie (opgemaak tot by 100 mL) Finale konsentrasie
50	1x 50	5 mL	Ongeveer 5 mL (10 mg/mL)	0,5 mg/mL
100	1x 100	5 mL	Ongeveer 5 mL (20 mg/mL)	1,0 mg/mL
150	1 x 100 + 1 x 50	5 mL	Ongeveer 10 mL	1,5 mg/mL
200	2 x 100	5 mL	Ongeveer 10 mL	2,0 mg/mL

Na hersamestelling en verdunning, moet die oplossing deur intraveneuse infusie oor ongeveer 1 uur toegedien word.

7. HOUER VAN DIE REGISTRASIESERTIFIKAAT

RANBAXY PHARMACEUTICALS (PTY) LTD

'n Sun Pharma maatskappy

Lautreweg 14, Stormill, Uitbreiding 1

Roodepoort, Johannesburg,

1724

8. REGISTRASIENOMMERS

9. DATUM VAN EERSTE GOEDKEURING/HERNUWING VAN DIE GOEDKEURING

10. DATUM VAN HERSIENING VAN DIE TEKS